NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT-EKSAMEN
NOVEMBER 2022

# AARDRYKSKUNDE: VRAESTEL I

Tyd: 3 uur | 200 punte

---

**LEES ASSEBLIEF DIE VOLGENDE INSTRUKSIES NOUKEURIG DEUR**

1. Hierdie vraestel bestaan uit 25 bladsye. Maak asseblief seker dat jou vraestel volledig is.

2. Lees die vrae noukeurig deur.

3. **AL DRIE AFDELINGS IS VERPLIGTEND.**

4. Krediet word gegee vir:
   - interpretasie
   - verduideliking
   - bewys van persoonlike waarnemings waar dit van toepassing is op die vraag.

5. Jy word aangemoedig om sketskaarte, diagramme en ander verklarende tekeninge te gebruik om jou antwoord, waar van toepassing, te ondersteun.

6. Let op die puntetoekenning.

7. Nommer jou antwoorde presies soos die vrae genommer is.

8. Dit is in jou eie belang om leesbaar te skryf en jou werk netjies aan te bied.

---

IEB Copyright © 2022

## AFDELING A GEÏNTEGREERDE VRAAG: DIE GQEBERHA-STREEK EN DIE SONDAGSRIVIERVALLEI

## VRAAG 1 FISIESE GEOGRAFIE


Lees Feitelêer 1 en bestudeer die kaart van die Gqeberha-streek en die Sondagsriviervallei (Figuur 1).

**Feitelêer 1**

- Die dorp, Kirkwood (sien die kaart hieronder in Figuur 1), is in die hart van die Sondagsriviervallei geleë.
- Dit word gesien as die hoofsentrum van sitrus in die Oos-Kaap, Suid-Afrika.
- Kirkwood dien as 'n uitstekende uitkykpunt en het 'n pragtige uitsig oor die vallei. Gedurende plukseisoen (April tot September) dreun trekkers met sleepwaens – swaar gelaai met lemoene – die dorp binne.
- Aktiwiteite in Kirkwood sluit 'n nege-putjie-gholfbaan in.
- The Lookout is 'n bekende plek waar groot dinosourusfossiele deur paleontoloë opgegrawe is.
- Die eerste volledige fossiel van 'n dinosourus in Suid-Afrika is nie vêr van Kirkwood af opgegrawe. Dit is heel toepaslik 'Kirky' genoem omdat dit baie soos 'n kalkoen (turkey) gelyk het.
- Die Wildsfees word jaarliks aan die einde van Junie in Kirkwood gehou.
- Akkommodasie sluit bed-en-ontbyt-verblyf, gastehuise, selfsorg-eenhede en verblyf in lodges in.

[Bron : <www.route-62-info.co.za>]

**Figuur 1 – Kaart van die Gqeberha-streek en die Sondagsriviervallei**




[Bron: Eksaminator se kaart]

1.1 **Geografiese Vaardighede**

Bestudeer Figuur 1 en voltooi die volgende vrae deur die korrekte antwoord vir elk van die vrae te kies. Skryf die nommer van die vraag en die letter wat ooreenstem met jou antwoord neer, bv., 1.1.0 A.

1.1.1 Bepaal die peiling vanaf Kirkwood na Gqeberha.

A 25°
B 65°
C 165°
D 345° (1)

1.1.2 Bereken die afstand vanaf Kirkwood na die hawe in die Coega Nywerheidsontwikkelingsone (NOS).

A 20 km
B 45 km
C 100 km
D 300 km (1)

1.1.3 Die oseaan, A, in Figuur 1 is die ... Oseaan.

A Benguela
B Indiese
C Atlantiese
D Stille (1)

1.1.4 Die getal daaglikse besoekers aan die Addo-olifant Nasionale Park staan bekend as watter tipe data?

A Raster
B Vektor
C Geo-
D Attribuut (1)

1.1.5 Noem die tipe vektor data verteenwoordig deur die dorp Addo.


A Lyn
B Punt
C Veelhoek
D Buffer (1)

IEB Copyright © 2022 

1.2 **Middelbreedtesiklone**

Bestudeer Figuur 2, 'n sinoptiese weerkaart van Suid-Afrika.

**Figuur 2**




[Bron: <www.enca.com>]

1.2.1 Pas die letters in Figuur 2 by die weerverskynsels hieronder. Skryf slegs die nommer van die vraag en die toepaslike letter neer, bv. (e) A.

(a) Suid-Indiese hoogdruksel (1)

(b) Kuslaagdrukstelsel (1)

(c) Koue front (1)

(d) 'n Verlengde rug van hoogdruk. (1)

1.2.2 Noem die winde wat veroorsaak dat daar 'n waarskuwing vir 'n brandgevaar in die Kirkwood-omgewing is. (1)

1.2.3 Beskryf hoe die winde waarna in Vraag 1.2.2 verwys word, vorm. (4)

1.2.4 Analiseer die impak van hierdie winde (Vraag 1.2.2) op die besighede en inwoners van die Sondagsriviervallei. (2)

1.2.5 Verduidelik hoe kenmerk **B** gevorm word. (4)

1.2.6 Noem TWEE weertoestande wat kenmerk **B** in die Wes-Kaap meebring. (2)

1.2.7 Noem die wolktipe wat by kenmerk **B** voorkom. (1)

IEB Copyright © 2022


1.2.8 Bespreek EEN manier waarop kenmerk **B** die Wes-Kapenaars sal verontrief. (2)

1.2.9 Evalueer die belangrikheid van kenmerk **B** vir die sosio-ekonomiese welstand van die Kaapse streek. (4)

## 1.3 Dreineerstelsels in Suid-Afrika

Bestudeer Figuur 3, 'n kaart van die dreineerbekken van die Sondagsrivier.

**Figuur 3**




[Bron: Eksaminator se kaart]

1.3.1 Pas die letters **H**, **I** en **J** by die drie terme hieronder om die sleutel vir Figuur 3 te voltooi. Skryf slegs die nommer van die vraag en die toepaslike letter neer, bv. (e) H.

(a) Waterskeiding van die Sondagsrivier (1)

(b) Rivierstelsel van die Sondagsrivier (1)

(c) Dreineerbekken van die Sondagsrivier (1)

1.3.2 Benoem die dreineerpatroon van die Sondagsrivier se rivierstelsel. (1)

1.3.3 Sou jy die dreineerdigtheid as laag of medium beskryf? (1)

1.3.4 Teken 'n skets van die lengteprofiel van die Sondagsrivier vanaf **K** tot by **L**. (2)

Jou skets moet die volgende insluit:

(a) Tydelike erosiebasis / basisse. (2)

(b) Permanente erosiebasis. (1)

(c) Die stadiums van die rivier. (3)

1.3.5 Die rivierprofiel van die Sondagsrivier is ongegradeerd. Verduidelik hierdie stelling. (2)

1.3.6 Gebruik 'n diagram en analiseer hoe die volgende aspekte die vorm van 'n stormhidrogram sal beïnvloed.

(a) Reënval (2)

(b) Grondgebruik (2)

(c) Gradiënt (2)

**[50]**


IEB Copyright © 2022

## VRAAG 2 MENSLIKE GEOGRAFIE

### 2.1 Stedelike strukture en patrone

Bestudeer Figuur 4, 'n kaart van die Sondagsriviervallei

**Figuur 4**




[Bron: Eksaminator se foto]

2.1.1 Pas die woorde in die blokkie hieronder by die stellings gegee. Skryf slegs die nommer van die vraag en die toepaslike woord(e) neer, bv. (e) vragverbreking.

| | | | |
|---|---|---|---|
| **Ruitvormig** | **Onbepland onreëlmatig** | | **Poortdorp** |
| **Radiaal** | **Sentrale plek** | **Stad** | **Dorpie** |

(a) Die straatpatroon van Kirkwood (1)

(b) Die straatpatroon van Moses Mabida (1)

(c) Nedersettingshiërargie van Kirkwood (1)

(d) Watter soort nedersetting is Kirkwood? (1)

2.1.2 Is Kirkwood 'n droë- of 'n natpuntnedersetting? (1)

2.1.3 Verduidelik jou antwoord op Vraag 2.1.2. (2)


2.1.4 Identifiseer TWEE faktore wat die standplaas van Kirkwood bepaal het. (2)

2.1.5 Verduidelik die verband tussen die dienste wat gelewer word en die grootte van 'n nedersetting. (2)

2.2 **Informele Nedersettings**

Bestudeer Figuur 5, 'n grafiek van die tipes wonings in Moses Mabida.

**Figuur 5**




[Bron: Sensus 2011]

2.2.1 Gee die persentasie informele wonings in Moses Mabida. (1)

2.2.2 Definieer 'n *informele nedersetting.* (1)

2.2.3 Waarom bly 'n aansienlike aantal mense nog in informele nedersettings? (2)

2.2.4 Assesseer hoe die tipe boumateriaal wat in informele nedersettings gebruik word, die risiko wat met uiterste weersomstandighede gepaardgaan, vergroot. (2)

2.2.5 Beskryf TWEE kwessies wat ontstaan as gevolg van die groei van informele nedersettings. (4)

2.2.6 Hoe kan plaaslike munisipaliteite die uitdagings wat met informele nedersettings gepaardgaan, verminder? (4)

IEB Copyright © 2022

2.3 **Strategieë vir Nywerheidsontwikkeling**

Bestudeer Figuur 6, 'n infografiek oor die Sondagsrivier-Sitrusmaatskappy.

**Figuur 6**




[Bron: <https://www.srcc.co.za/>]

2.3.1 Verduidelik *handelsbalans.* (1)

2.3.2 Bespreek die belangrikheid van die SRCC ten opsigte van die sosio-ekonomiese impak op die streek. (4)


**[30]**

## VRAAG 3 UITGEBREIDE SKRYFWERK

### Strategieë vir Nywerheidsontwikkeling

Bestudeer Figuur 7, 'n infografiek van die ekonomie van die Oos-Kaap sowel as Feitelêer 2 (bladsy 11) oor die Gqeberha-Kariega-nywerheidsgebied en die nabye Spesiale Ekonomiese Sone (SES). Maak gebruik van Feitelêer 1 (bladsy 2) en 2, sowel as Figuur 1 tot 7, om jou te help met die skryf van die verslag soos beskryf op bladsy 12.

**Figuur 7**




IEB Copyright © 2022

**FEITELÊER 2**

Die vernaamste nywerhede in die Gqeberha-Kariega-nywerheidstreek sluit in:

## Die vernaamste nywerhede in die Gqeberha-Kariega-omgewing/ metropool

|  |  |  |  |  |
|---|---|---|---|---|
| **Motorvoertuie**<br><br>• Motormonte-ringsaanleg<br>• Vernaamste ketting-industrieë<br>– motoronder-dele<br>– bande<br>– voorruite | **Tekstiel**<br><br>• Wol en katoen | **Leergoedere**<br><br>• Skoenfabrieke<br>• Motor-bekleedsel | **Vrugte-inmakery** | **Soutwerke** |

**Coega Spesiale Ekonomiese Sone (SES) (Oos-Kaap)**

- Die Coega NOS is die grootste van sy soort in Suidelike Afrika.
- Dit is in 2001 goedgekeur en was Suid-Afrika se eerste NOS.
- Dit is strategies geleë in die Nelson Mandelabaai Metropolitaanse Munisipaliteit.
- Die Coega NOS is op die uitvoermark gerig en benut openbare sektor investering om buitelandse en binnelandse direkte beleggings in die vervaardigingsektor te lok.
- Die NOS lok investering in die volgende sektore: agri-prosessering, motorvervaardigingsbedryf; akwakultuur, energie, metale, logistieke en dienste vir prosessering in besighede.
- Hierdeur is sosio-ekonomiese ontwikkeling in die Oos-Kaap aangemoedig deurdat ontwikkeling van vaardighede, oordrag van tegnologie en werkskepping aangemoedig is.

[Bron: StatsSA]

Jy is 'n adviseur vir die Gqeberha-Kariega-nywerheidsontwikkelingsraad en moet 'n verslag skryf oor die voor- en nadele van ontwikkeling in die streek, insluitend die Sondagsrivier-streke.

- Omskryf die voordele van die ontwikkeling van 'n NOS en Ruimtelike Ontwikkelings-inisiatief (ROI) vir 'n streek.
- Assesseer hoe nywerhede soos die sitrusbedryf in die omgewing van Kirkwood deur die Coega NOS bygestaan kan word.
- Assesseer die uitdagings wat daar in die Gqeberha-Kariega-streek kan wees vir die ontwikkeling van nywerhede.
- Analiseer hoe die Oos-Kaapse regering meer ontwikkeling in die streek kan aanmoedig.

***Nota: Jy kan die kennis wat jy opgedoen het in die bestudering van voorbeelde gebruik om jou te help. Gebruik die rubriek hieronder om jou te help met die beplanning en struktuur van jou verslag.***

| **KRITERIA** | **PUNTE** |
|---|---|
| ***Skryfvaardighede***<br>• Neem struktuur en aanbieding in ag.<br>• Gebruik 'n kort inleiding en slotsom.<br>• Logiese bespreking en gebruik van onderopskrifte. | **4** |
| ***Inhoudskennis***<br>• Korrekte gebruik van geografiese terme en begrippe.<br>• Hou by onderwerp en onderopskrifte. | **12** |
| ***Ondersteunende bewyse – ontleding en begrip***<br>• Die vermoë om die onderwerp te analiseer en evalueer word in hierdie kategorie geassesseer.<br>• Verwysing na gevallestudiemateriaal / feitelêer / bronmateriaal wat gegee is.<br>• Indien toepaslik, verwys na bekende / plaaslike / ander voorbeelde. | **4** |

**[20]**

**100 punte**

## AFDELING B KLIMAAT, WEER EN GEOMORFOLOGIE

## VRAAG 4 Klimaat en Weer

### 4.1 Klimaatterminologie

Kies die term wat die stellings WAAR maak. Skryf slegs die nommer van die vraag en die ooreenstemmende term neer, bv., 4.1.0. rivier.

4.1.1 Rook en besoedeling word vasgevang in 'n vallei as gevolg van 'n (**donderstorm/ inversielaag/ rypholte**). (1)

4.1.2 Die warmste hange in die suidelike halfrond, is dié wat (**suid / wes / noord**) kyk. (1)


4.1.3 Winde wat 'n rypholte op die valleivloer vorm staan bekend as (**katabatiese winde/ anabatiese winde/ föhn winde**). (1)

4.1.4 Die weersverskynsel wat swaar reën in verskeie streke in Suid-Afrika tot gevolg het, is 'n (**Kaapse Doktor / afsnylaag/ bergwind**). (1)

### 4.2 Tropiese Siklone

Bestudeer Figuur 8, 'n 3-D model van Orkaan Laura, wat die Amerikaanse kus bereik het.

**Figuur 8**




[Bron: RadarOmega]

4.2.1 Stel 'n moontlike naam voor vir die volgende storm wat die Atlantiese streek sal beïnvloed. (1)

4.2.2 Verduidelik waarom orkane (tropiese siklone) ontbind wanneer hulle die land bereik. (1)

4.2.3 Pas die letters **M**, **N** en **O** op Figuur 8 (bladsy 13) by die volgende kenmerke. Skryf slegs die nommer van die vraag en die ooreenstemmende letter neer, bv. (d) **Z**.

(a) Oog (1)

(b) Reënbande (1)

(c) Oogmuur (1)


4.2.4 Verduidelik waarom die toestande in die oog kalm en onbewolk is. (2)

4.2.5 Verduidelik waarom dele wat deur die leidende kwadrant van Orkaan Laura getref is, die ergste deur die storm beïnvloed sou gewees het. (4)

## 4.3 Subtropiese Antisiklone en Gepaardgaande Weerstoestande

Bestudeer die twiet deur Gauteng Weather in Figuur 9 hieronder. Mense word gewaarsku oor die moontlikheid van swak lugtoestande oor die binneland.

**Figuur 9**




[Bron: GautengWeather]

4.3.1 Identifiseer of swak lugtoestande eerder in die somer of in die winter sal voorkom. (1)


4.3.2 Gee 'n verduideliking van jou antwoord op Vraag 4.3.1. (2)

4.3.3 Identifiseer TWEE menslike oorsake van hoë vlakke van besoedeling. (2)

4.4 **Stedelike Klimate**

Bestudeer Figuur 10, 'n kaart van isoterme wat die temperature in die middel van Londen wys relatief tot die temperature in omliggende dele.

**Figuur 10**




[Bron: <www.smartcitiesdive.com>]

4.4.1 Verduidelik waarom Londen warmer is as die omliggende dele. (1)

4.4.2 Maak TWEE voorstelle om hierdie temperatuurspeling te verminder. (4)

**[25]**

## VRAAG 5 GEOMORFOLOGIE

### 5.1 Fluviale Terminologie

Pas die beskrywing in Kolom B by die term in Kolom A. Skryf slegs die nommer van die vraag en die letter van die ooreenstemmende beskrywing neer, bv. 5.1.0 A.

| Kolom A | | Kolom B | |
|---|---|---|---|
| 5.1.1 | Abrasie | A. | 'n Dreineerstelsel wat die algemene rigting van vloei behou het in 'n gebied waar daar plaaslike opheffing plaasgevind het. |
| 5.1.2 | Deurvloei | B. | Die sytakke van die rivier kan nie by die hoofkanaal aansluit nie omdat daar levées langs die hoofstroom opgebou het. |
| 5.1.3 | Antesedente dreinering | C. | 'n Patroon wat op 'n ouer oppervlakte gevorm het wat sedertdien geërodeer is en die dreineerpatroon hou nie verband met die geologiese struktuur nie. |
| 5.1.4 | Droë poort | D. | Water vloei deur die porieë in die grond wat met mekaar verbind is om sodoende deur die grond te beweeg. |
| 5.1.5 | Basisvloei | E. | Volgehoue – hetsy min of as gevolg van goeie weersomstandighede – stroomvloei afkomstig van die grondwater se insyfering. |
| | | F. | Die meganiese afbreek van die rotsoppervlakte as gevolg van die wrywing wat veroorsaak word deur die deeltjies wat teen mekaar skuur wanneer dit met die stroom vervoer word. |
| | | G. | Dit vorm wanneer daar meer water is as wat die grond kan hou. Die oortollige water loop oor die oppervlakte. |
| | | H. | 'n Plek waar daar in die verlede wel water gevloei het maar wat nou droog is as gevolg van stroomroof. |


(5)

IEB Copyright © 2022

5.2 **Fluviale Prosesse**

Bestudeer Foto 1 van 'n stroomkanaal in die Drakensbergstreek.

**Foto 1**




[Bron: Eksaminator se foto]

5.2.1 Identifiseer die fluviale kenmerk in Foto 1. (1)

5.2.2 Dui aan waar die volgende voorkom (skryf slegs die letter van jou antwoord neer) …

(a) afsetting by die oewer by **P** of **Q**. (1)

(b) erosie van die oewer by **P** of **Q**. (1)

5.2.3 Verduidelik waarom daar heel waarskynlik hidrouliese aksie by **P** sal voorkom. (2)

5.2.4 Verduidelik wat met die stroomkanaal by **R** sal gebeur. (2)

5.2.5 Benoem die kenmerk wat ná die proses waarna in Vraag 5.2.4 verwys is, sal voorkom. (1)

5.3 **Bestuur van die Rivier en Opvanggebied**

Bestudeer Foto 2 van 'n stuwal langs die Bergrivier in die Paarl.

**Foto 2**




[Bron: Eksaminator se foto]

5.3.1 Sê of afsetting by **S** of by **T** sal voorkom. (1)

5.3.2 Identifiseer EEN rede vir die bou van 'n stuwal. (1)

5.3.3 Verduidelik hoe 'n stuwal verjonging in die rivier se stroomkanaal sal veroorsaak. (2)

5.3.4 Bespreek hoe georuimtelike *bufferskepping* in die bestuur van oorstromings gebruik word. (2)

5.3.5 Assesseer hoe georuimtelike analise gebruik kan word om menslike aktiwiteite wat 'n rivierstelsel beïnvloed, te identifiseer en te beperk. (6)
**[25]**

**50 punte**


## AFDELING C LANDELIKE EN STEDELIKE NEDERSETTING EN EKONOMIESE GEOGRAFIE VAN SUID-AFRIKA

## VRAAG 6 Landelike en Stedelike Nedersetting

### 6.1 Landelike Nedersetting

Bestudeer Foto 3 van 'n nedersetting naby Magaliesberg, Gauteng.

**Foto 3**




[Bron: Eksaminator se foto]

Kies die korrekte antwoord by elke vraag. Skryf die nommer van die vraag en die letter wat ooreenstem met jou antwoord neer, bv., 6.1.0 A.

6.1.1 Die nedersetting in Foto 3 word geklassifiseer as 'n …

A megalopolis.
B dorpie.
C geïsoleerde plaasopstal.
D stad. (1)

6.1.2 Die boerderymetode wat in die omgewing van die nedersetting beoefen word, is … boerdery

A bestaans-
B kleinskaalse
C hidroponiese
D kommersiële (1)

6.1.3 Die kenmerk wat **U** benoem is, is 'n …

A windskerm.
B kanaal.
C windpomp.
D boord. (1)

6.1.4 Hierdie nedersetting het 'n … nedersettingspatroon.

A verspreide
B gekernde
C liniêre
D kompakte (1)

## 6.2 Landelike Nedersettingskwessies

Lees die artikel oor die veranderinge in klein dorpies in Suid-Afrika hieronder.

**HIERDIE VYF ZOOM-DORPE IN DIE WES-KAAP KRY BAIE AFTREK**



- Dorpe soos Paarl, Franschhoek, Stellenbosch, Wellington en Tulbagh het gewilde 'Zoom-dorpe' geword en hulle lok mense van die binneland af sowel as vanaf die Kaapse metropolitaanse gebied wat graag uit die stad wil ontsnap.
- Hulle is ook gewild onder die semigrante van Gauteng.
- Boschenmeer Gholflandgoed is net buite die Paarl en is baie gewild onder mense wat buite die stad wil bly sowel as onder semigrante.
- Baie selfsorgbesighede soos Airbnb en Booking.com maak nog steeds vir langtermynhuurders voorsiening terwyl hulle wag vir toerisme om weer momentum te kry.
- Die gewildste gebied vir plaaslike vooruitsigte sowel as die gasvryheidsbedryf is Franschhoek.
- Huurders trek vanuit gebiede soos Gauteng hierheen en werk dan van hulle huise af.

[Bron:<businesstech.co.za>]

6.2.1 Pas EEN van die woorde wat in die artikel onderstreep is by elk van die definisies hieronder. Skryf slegs die nommer van die vraag en die toepaslike woord(e) neer, bv., (z) Dorp.

(a) Klein dorpies waarheen mense trek sodat hulle afstandwerk van daar af kan doen. (1)

(b) Hervestiging binne 'n land oor provinsiale grense heen. (1)

(c) Woongebied met toegangsbeheer en verskeie ander fasiliteite wat restaurante en skilderagtige paadjies insluit. (1)

6.2.2 Omskryf TWEE redes vir teen-verstedeliking. (2)

6.2.3 Evalueer TWEE maniere waarop hierdie tipe teen-verstedeliking hierdie dorpies sal beïnvloed. (4)

IEB Copyright © 2022

## 6.3 Stedelike Struktuur en Patrone.

Bestudeer Foto 4 en Foto 5 hieronder wat nuwe ontwikkelings naby die SSK van Sandton toon.

**Foto 4**



**Foto 5**



[Bron: Eksaminator se foto's]

6.3.1 Definieer *gemengdegebruik-ontwikkeling.* (1)

6.3.2 Waarom is die SSK die deel van die stad waar die grondgebruik die digste is? (2)


6.3.3 Bespreek EEN faktor wat daartoe bydra dat die konstruksie van hoë geboue, soos hierdie in Sandton, gewild is. (2)

IEB Copyright © 2022

## 6.4 Stedelike Nedersettingskwessies

Bestudeer Figuur 11 wat die groei van stedelike gebiede dwarsoor Gauteng wys.

**Figuur 11**




[Bron: <www.gcro.ac.za>]

6.4.1 Kies 'n woord uit die blokkie om te pas by elkeen van die stellings hieronder. Skryf die nommer van die vraag en die toepaslike term neer, bv. (d) megalopolis.

| Stadspreiding | Kongestie | Konurbasie | Verstedeliking |
|---|---|---|---|

(a) Die vinnige, vormlose uitbreiding van die geografiese omvang van stedelike gebiede. (1)

(b) Oorvol paaie veroorsaak verkeersknope. (1)

(c) 'n Groot stedelike nedersetting wat ontstaan as gevolg van die samesmelting van dorpe en stede. (1)

6.4.2 Voorspel TWEE maniere waarop vinnige stedelike groei stede kan beïnvloed. (4)

**[25]**

IEB Copyright © 2022

## VRAAG 7 Ekonomie van Suid Afrika

### 7.1 Ekonomie: Waar of Vals

Dui aan of die stellings hieronder waar of vals is. Skryf slegs die nommer van die vraag en dan of die stelling waar of vals is, bv. 7.1.0. Vals

7.1.1 Alomteenwoordige nywerhede is fabrieke wat in omtrent elke dorp in die streek gevind kan word. (1)

7.1.2 Voedselsekuriteit verwys na gebrek aan voedsel wat tot hongersnood lei. (1)


7.1.3 Infrastruktuur verwys na die strukture en fasiliteite wat benodig word vir die gemeenskap om te funksioneer. (1)

7.1.4 'n Vragverbrekingspunt verwys na 'n gebied agter en aangrensend tot 'n kusdorp of 'n dorp wat langs 'n rivier is. (1)

### 7.2 Landelike Nedersettingskwessies

Bestudeer Figuur 12 wat verwys na die hoeveelheid grond wat tussen 1994 en 2016 herverdeel is.

**Figure 12**




[Bron: <dailybrief.oxan.com>]

7.2.1 Definieer *herverdeling van grond.* (1)


7.2.2 In watter jaar is die meeste grond oorgedra? (1)

7.2.3 Bespreek die voordele vir gemeenskappe wat grond verkry as gevolg van 'n grondeis. (4)

## 7.3 **Mynbou**

Bestudeer Figuur 13 hieronder wat die volume mangaan wat tussen 2015 en 2019 in Suid-Afrika geproduseer is, toon.

**Figuur 13**




[Bron: statista]

7.3.1 Noem die provinsie waar die meeste mangaan ontgin word. (1)

7.3.2 Sê hoeveel ton mangaan in 2019 geproduseer is. (1)

7.3.3 Verduidelik die verband tussen die produksie van ystererts en mangaan. (2)

7.3.4 Bespreek TWEE faktore wat mynbou in Suid-Afrika beïnvloed. (4)

7.3.5 Bespreek EEN omgewingskwessie wat veroorsaak word deur die ontginning van mangaan. (2)

IEB Copyright © 2022

## 7.4 **Informele Sektor**

Bestudeer Foto 6 waarin jy 'n straathandelaar op 'n dorp in Suid-Afrika kan sien.

**Foto 6**



[Bron: Eksaminator se foto]

7.4.1 Definieer *die informele sektor.* (1)

7.4.2 Bespreek TWEE uitdagings waarvoor mense in die informele sektor te staan kom. (4)

**[25]**

**50 punte**

**Totaal: 200 punte**

IEB Copyright © 2022